



1ste Kwartaal 2018

[www.ldu.co.za](http://www.ldu.co.za)



UYSBROKKIE

# Uit die kantoor

Geagte ouers

Alweer 'n propvol "UYSBROKKIE"!

Lees gerus dit sorgvuldig deur en bly op hoogte van al die bedrywighede wat in die eerste kwartaal plaasgevind het.

Dankie aan elke ouer wat 'n bydrae gelewer het in die kwartaal. Dit word opreg waardeer.

Baie geluk aan die ouers wat tot die skool se Beheerraad verkies is. Ons glo dat hierdie 'n wenspan sal wees.

#PosiTier

Die herfsvakansie lê voor die deur en ons sal ons winterklere moet begin uitpak. Ek het al vergeet hoe dit moet voel om 'n trui of jas aan te trek.

Wat nog van om nat te reën!!

Leerders sal nog in die tweede kwartaal somerdrag kan dra totdat daar amptelik aangekondig word dat daar na winterdrag oorgeskakel word. Ek hoop van harte dat die reën en die winter ons baie gou sal bereik. Veral die reën!

Baie keer aan die einde van 'n kwartaal vra mens seker die alombekende vraag: Wat "AS" ?

Daarom die onderstaande gedig geleen by Viooltjie!

AS

hier sit ons nou

jy kyk vir my  
ek kyk vir jou

deur skerms propvol woorde  
hunker ons na oorde  
na plekke  
waar ons eens tesame was

wat gesê is, is gesê  
dit wat gedaan is  
het geen keer  
en hoe klein is ons verweer  
wanneer harte sommer net wil bloei

(oor elke wond sal rowe groei  
met tyd sal letsels ook vervaag)

vir oulaas kom ons woorde tot 'n vuur  
maar die uur voorspel die lot  
van elke vlam wat is  
en ooit hier was  
die reeds bepaalde pad wat alles loop  
en met hande, half onwillig  
vee ons die laaste assies op 'n hoop

hier sit ons nou  
jy kyk vir my  
ek kyk vir jou.

Mag hierdie Paasfees u opnuut bewus maak wat “Volmaakte liefde”  
is!

Groete

F.J. Smit

SKOOLHOOF

[www.ldu.co.za](http://www.ldu.co.za)

# Junior Primêr tandarts uitstappie

Baie dankie aan ons tandarts Dr. Ireta van der Grijp wat Gr R - 3 maats 'n geleentheid op die tandartsstoel gebied het. Ons vertrou dat die spannende opwinding baie van die tandartsvrese help oorwin het. Ook is elkeen met hul eie splinternuwe tandeborsel en tandepasta bederf! Ons sal nou net pragtige spierwit, blink tande aan die tandmuis voorsien!



## Badkamers

Ons wil graag die senior primêre badkamers mooimaak. Enige ou tafel, stoel, pot of mandjie wat u nie meer gebruik nie, kan nuttig gebruik word om ons badkamers en gange te versier. Kontak my asb. as ek dit kan kom afhaal by u huis. Dankie Chazelle du Toit vir die pragtige skilderye en spieëls.

Susan Myburgh

# Skoolfonds 2018

SKOOLGELD 2018

Baie dankie aan elke ouer wat gereeld sy/haar kind se skoolgeld betaal.

Die skoolgeld vir 2018 is R890.00 p/md (R8900 vir die jaar – Januarie tot Oktober).

Vir direkte inbetalings is die bankbesonderhede soos volg:

ABSA

Moorreesburg

LAERSKOOI DIRKIE UYS

106 049 0003

Verwysing: U rekening nommer / u kind se naam en van



**NB KAARTFASILITEITE OOK NOU BESKIKBAAR**

## Welpiedag

Baie dankie aan al die voornemende Gr. R leerders wat by ons pragtige klasse kom kuier het. Ons hoop almal se inskrywingsvoms is ingevul! Ons weet julle sien al klaar uit na die volgende Welpiedag in Junie!



# Graad R

Baie dankie aan almal wat 'n aandeel gehad het aan 'n suksesvolle afskop en 'n pragtige terrein. Die kinders geniet dit vreeslik baie. Dankie aan almal wat die Gr.R dans ondersteun het, so ook aan al die borge wat dit moontlik gemaak het. Dit word opreg waardeer.

## Graad 1

Baie welkom aan almal by die "grootskool". Almal is al volstoom aan die werk en het baie mooi aangepas by die formele werk. Kan julle glo ons lees al ons derde leesboekie oor Vlooi en sy maats.

## Entrepreneurs



Baie dankie aan elke leerder wat deelneem aan die Entrepreneurs markdae. Ons geniet julle kreatiwiteit en heerlike eetgoed.

# Baie dankie

Baie dankie Ireta van der Grijp vir die borg van twee netbalspanne (0.9 en 0.10) se bibs. Dit word opreg waardeer!

# Voortrekkers

Die Moorreesburg kommando is gestig en die Voortrekkers het reeds afgeskop met 'n inligtingsaand en speletjies. Baie dankie aan die ouers se ondersteuning. Ons is opgewonde oor die Voortrekker se toekoms.

# Atletiek

Zia van Dyk het op 3 Maart deelgeneem aan die Wes-Kaap Kampioenskappe te Oudtshoorn. Sy is ongelukkig nie deur na die SA Kampioenskappe nie. Sy is wel opgeneem in die Bolandspan vir 3 items. Sy kry 'n 1ste plek in spiesgooi, 3de plek in gewigstoot en 'n 4de plek in diskus. Baie geluk!

# Hokkiekliniek

Woensdag, 14 Maart, het Tiaan Steyn 'n hokkie kliniek aangebied vanaf GrR tot Gr7. Dit was 'n heerlike hokkie middag met 'n groot groep kinders wat ons baie opgewonde maak. Dankie aan elke speler en elke afrigter wat daar was. Ons sien uit na 'n lekker hokkie seisoen.




## WOW-spel

Leerders word aangemoedig om hul spelwoorde getrou te leer. Kompetisie vind van die 2de kwartaal af plaas.

## Gr. 4B

Baie dankie vir die geleentheid om vir 7 weke die Gr.4's te onderrig. Ek het baie hard gewerk maar dit vreeslik geniet!

Juf. Almarie Rautenbach







# 0/13 Netbal

Baie dankie vir Mnr. en Me. Bester wat hul huis in Langebaan beskikbaar gestel het sodat die 0/13 Netbal dogters daar kon oornag. Hulle het baie lekker gekuier en 'n opwindende afrigtingsessie op die strand gehad. Die spelers het saam met die Southern Stings geoefen.

Ons is baie opgewonde oor die nuwe netbalseisoen.

# Seniorkoor

Die koor is hard aan die oefen vir die Wes-Boland Eisteddfod. Dankie vir leerders se volgehoue entoesiasme en dissipline!

# Graad 6 - AFRIKAANS

Maandag, 26 Maart, gaan die graad sessers op 'n Afrikaans-uitstappie. Hul besoek die Afrikaans Taalmuseum, Le Bonheur Krokodilplaas en Butterfly World. By elke besoekpunt is 'n gids wat meer inligting verskaf. Hul hou selfs 'n krokodilletjie vas. Dankie aan ds. Roy Thorne en Marizanne Vorster wat die vervoer hanteer. Ons waardeer jul omgee opreg!



# Tennis

Die tennisseuns en - dogters wat wedstryde speel het die 1ste kwartaal albei hul ligas gewen! Dit sluit in Swartland, Piketberg, Porterville, Riebeeck Kasteel en Citrusdal. Baie geluk met die uitstekende prestasie!

Daar is ook verskeie leerders wat aan toernooie deelgeneem het en baie goed gevaar het, baie geluk!

Alica Bester, Hermann Hartung, Anesce du Toit en Franco Rust het Boland Kavaliers verteenwoordig by die Synergy Cup. Baie geluk met puik prestasies.

Willem de Waal gaan ook Boland verteenwoordig by die SA skole wat 'n uitstekende prestasie is! Ons is trots op jou Willem!

## Gr. 4A

Na 'n kwartaal se aflos by die Gr.4 klasse, is dit weer tyd vir totsiens sê. Baie dankie aan elke leerling wat dit 'n aangename tyd gemaak het!

Juf Nollie Bester



# Krieket

Dirkie Uys se 0/13 Krieketspan het goeie resultate gehad die kwartaal. Baie geluk!

Wes-Boland Krieket:

Die volgende leerders is gekies om vir Wes-Boland te verteenwoordig.

Wayden Pieters 0/11

Zánder Truter 0/12

Hermann Hartung 0/13

Baie geluk!

# BORGE

'n Spesiale woord van dank aan al ons borge vir die 1ste kwartaal van 2018! Dit word opreg waardeer!

Bemarkingskomitee Laerskool Dirkie Uys

# Geniet die vakansie



# 'n Moet lees

Deur Maryna Duminy

Ouers vra gereeld vrae oor mag 'n onderwyser so en so straf toepas as kind nie opgelet het nie, huiswerk tuis vergeet het of iets soos swemklere tuis vergeet het. N

ou wil ek vrae vra: a) straf jy nie jou kinders as hulle 'n redelike opdrag nie uitvoer nie, b) moes jy al 30 en meer kinders vir 30 minute oppas en seker maak dat almal 'n taak uitvoer om nie te druipe nie, c) hoe maak jy seker dat die een kind wat niks by jou kinderpartytjie wil saamdoen nie die hele partytjie ontwig nie?

Ek ken geen onderwyser wat kinders doelbewus te na sal kom nie. Dus wil ek voorstel dat ouers wat dink dat sy of haar kind se onderwyser verkeerd is, versoek word om in te staan om toesig te hou wanneer die betrokke onderwyser afwesig is. Veral wanneer geassesseer moet word en kinders nie oplet nie. **Bykans elke onderwyser is ook 'n ouer.**

Ons verstaan kinders beter as wat ouers besef. Ouers kan ongelukkig nie dieselfde sê nie. Hulle moet eers in 'n onderwyser se skoene staan, vir ten minste twee weke, voordat hulle 'n begrip sal kan vorm van wat 'n onderwyser se werk behels.

Onderwysers werk aan julle kinders se toekoms. Hulle is julle vennote, nie julle vyande nie. Hou hulle hande vas, maak hulle werk makliker. Om jou kind te leer, is maar een van hulle take. Saans berei hulle lesse voor om seker te maak dat jou kind presteer, smiddae staan hulle jou kind tydens buitemuurse aktiwiteite by. lewers daartussen is hulle ook 'n ouer. En kry hulle nie vir hulle eie kinders en gesinne tyd nie. Hulle maak nie 'n rekenaar toe en kom eers weer more of na die vakansie terug nie.

As hulle na al die aktiwiteite huis toe gaan, begin die voorbereiding eers. Daar is niks so sleg soos om voor die hoof gedaag te word deur 'n ouer nie. Veral as die ouer die probleem opgeblaas het nie.

Julle weet nie wat julle kinders alles doen as hulle in groepsverband is nie. En julle hare sal regop staan as ons begin vertel wat in klasse aangaan. En wat julle voorbeeldige kinders alles doen as onderwysers hulle nie konstruktief besig hou nie. My hare het in die lug gestaan toe ek hoor waarmee kinders hulle by partytjies besig hou. Onder ouers se toesig. Leer jou kind eerder om 'n regverdigte straf te aanvaar eerder as om hulself te verontskuldig.

Maak hulle so sterk om hul plek in 'n onregverdigte grootmensewêreld te gaan volstaan. 'n Seun het eendag tot groot vermaak van sy maats vir my gesê sy pa het gesê hy moet vir my sê dat hy niks van onderwysers dink nie. Toe die klas klaar gelag het, het ek vir hom gesê: Sê jy vir jou pa ek sê wat hy ookal dink hy is, sou hy nie gewees het sonder die baie onderwysers wat hy vertrap nie.

Word die houding teenoor onderwysers nie dalk in jou huis ook voorgestaan nie? Dit is 'n heel ander saak as 'n onderwyser onprofessioneel optree. En sulke gevalle moet aangemeld word sodat kinders veilige leeromgewings het. Wat help dit om hier 'n paar mense te kry wat met jou saamstem? Die probleem word nie opgelos nie.

Inteendeel, dit versterk swak houdings teenoor dié mense wat nog kans sien om baie ongeskikte kinders en ouers te trotseer. Ek het my droomberoep laat vaar. Omdat ek nie meer kans gesien het om deur ouers vertrap te word as hulle kinders vir hulle gejoj het nie.

Jammer sê daarna help nie. Veral nie as 'n ouer hoof toe gehardloop het nie. Vertrou die mense wat hulle eie gesinne opoffer, om vir jou kind te help om 'n toekoms te bou.